

Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 37**

**INVENTARIS VAN DIE  
MCLACHLAN, ROELF-VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Maart 2021

Pretoria

## Voorwoord:

Roelf McLachlan is op 2 Mei 1916 op Rawsonville gebore. Hy het aan die Hoër Seunskool te Paarl gematrikuleer waarna hy in 1943 in die Buro vir Sensus en Statistiek en die Departement van Volkswelsyn werksaam was. As buitemuurse student aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1942 sy B.A.-graad en in 1951 sy M.A.-graad in Sosiale Werk ontvang. In 1959 het hy sy doktorsgraad in Sosiologie vanaf die Universiteit van Pretoria ontvang. Die titel van sy proefskrif was *Sorgbehoewende kinders: 'n Sosiologiese studie van hulle gesinsagtergrond*.

In 1943 het hy Sekretaris van die Christelik-Maatskaplike Raad van Pretoria geword en in 1951 Sekretaris van die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe. In 1953 was hy as Vakkundige Hoofbeampte van die Armsorgkommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Transvaal aangestel. Tussen 1966 en 1977 was hy 'n LP vir Westdene vir die Nasionale Party. In 1981 het hy 'n sertifikaat vanaf die Nasionale Party vir minstens 25 jaar se besondere diens ontvang.

In 1949 was dr McLachlan op die Breë Komitee vir Plaaslike Feesviering met die inwyding van die Voortrekkermonument. Hy was ook distrik-bestuurslid van die Dirkie Uys-kommando van die Voortrekkerbeweging. In 1961 was hy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns as assessorlid gekies. In 1977 was hy as kommissaris-generaal van die Noord-Sotho Volkseenheid aangestel, 'n pos wat hy tot en met sy uittrede in 1982 beklee het.

Hy is op 26 Junie 1943 met Petronella Elizabeth de Wet getroud. Sy was latere jare by die Nasionale Vroueclub van die Parlement betrokke. Dr McLachlan is op 14 November 1982 oorlede.

Die versameling is in 'n goeie toestand ontvang. Dit is redelik klein en word in net twee volumes gestoor. Die Universiteit van die Vrystaat besit ook 'n privaatversameling van Roelf McLachlan. Dit bestaan uit een dokument, nl. "Uittreksels uit toesprake van B.J. Vorster en prof. Gerrit Viljoen ins. die kleurlinge, a.s.b. en die Nasionale Party", 7 Julie 1971.

## Inhoudsopgawe

Bl

1. Korrespondensie	1
2. Getuigskrifte	1
3. Sertifikate	1
4. Uitnodigings	1
5. Programme / Spyskaarte	1
6. Allerlei	1
7. Publikasies	1
8. Foto's / Albums / Plakboeke	1